

Vuk'uzenzele



Produced by Government Communications (GCIS)

English/Afrikaans

| Julie 2017 Uitgawe 1



Honour Mandela by fighting poverty and violence

THE TRIPLE CHALLENGES of unemployment, poverty and inequality are at the root of many social issues. They can lead to anger and violence. This year, Mandela Month is dedicated to fighting these challenges, which will help free South Africa from the cycle of violence.

Noluthando Motswai

In July we celebrate the birth and legacy of Nelson Mandela. Government has called on all South Africans to honour his memory by working together to make women and children safer.

Every year on 18 July – Mandela’s birthday – the people of South Africa and the world set aside time to make a difference in their communities. Nelson Mandela International Day, declared by the UN in 2009, commemorates the service of Mandela.

As President Mandela once said: “Our children are our greatest treasure. They are our future. Those who abuse them tear the fabric of our society and weaken our nation.”

This year’s Mandela Day will be dedicated to fighting poverty.

The Nelson Mandela Foundation points out that poverty is the root cause of much of the violence in South African society.

The foundation’s CEO, Sello Hatang, has said, “People must be reminded that it’s not just about doing 67 minutes of good and that we must bring about sustainable social change in the lives of our people.”

“In the heart of it, we’re saying the violence that is rooted

Cont. page 2



Youth demands accepted by government

Page 5



Skills and jobs from KZN road project

Page 9



ALSO AVAILABLE ON:



@VukuzenzeleNews

Vuk'uzenzele

Websites: www.gcis.gov.za

www.vukuzenzele.gov.za

E-mail: vukuzenzele@gcis.gov.za

Tel: (+27) 12 473 0405

Free Copy

OR Tambo on Nelson Mandela: "His inspiration lives on in the heart of every African patriot. He is the symbol of the self-sacrificing leadership our struggle has thrown up and our people need. He is unrelenting, yet capable of flexibility and delicate judgment. He is an outstanding individual, but he knows that he derives his strength from the great masses of people, who make up the freedom struggle in our country."

Source: www.sahistory.org.za

Life and legacy of
OR TAMBO.
100 YEARS



Swangerskapondersoeke vir gesonder babas



OM TE VERSEKER DAT mamas en babas gesonder is, het die Departement van Gesondheid onlangs die aantal gratis voorgeboortebesoeke vir swanger vroue by staats hospitale en -klinieke van vier tot agt verhoog.

Personeelversaggewer

'n Swanger vrou wat meer gereeld mediese ondersoek word, sal waarskynlik 'n makliker swangerskap hê en 'n gesonder, sterker baba in die wêreld bring.

Om dié rede het die Departement van Gesondheid onlangs die aantal gratis voorgeboortebesoeke vir swanger vroue by staatsklinieke van vier tot agt verhoog.

Die Minister van Gesondheid, Aaron Motsoaledi,

moedig swanger vroue aan om hierdie geleentheid te gebruik om meer gereeld ondersoek te word.

Dit sal mediese personeel help om gesondheidsprobleme vroegtydig te bespeur en te behandel en om te toets vir ander probleme wat

mag voorkom. Dit geld veral vir eerste swangerskappe.

"Ons hoop dat swanger vroue tydens hierdie bykomende voorgeboortebesoeke ook gereelde bloeddruk- en urinetoetse sal laat doen, sowel as

monitering van die baba se groei en bewegings om veilige swangerskappe en gesonde babas te verseker; versuim om dit te doen kan tot sterftes lei, wat andersins voorkom kon word," het die minister gesê. **V**

Hoekom is voorgeboortebesoeke belangrik?

- Vroue wat dink hulle is swanger moet so gou as moontlik 'n kliniek of dokter besoek om met voorgeboortesorg te begin. Vroeë besoeke aan die kliniek en gereelde voorgeboorte-ondersoeke, sal verseker dat jy 'n gesonde swangerskap het en 'n gesonde baba in die lewe bring.
- 'n Eerste besoek sal bloeddruk- en gewigstoetse insluit, sowel as die neem van 'n urinemonster, en toetse vir seksueel oordraagbare infeksies en TB.
- Opvolgbesoeke sluit bloedtoetse, 'n ultraklanktoets en berading in. Verpleegsters en maatskaplike werkers sal beskikbaar wees om vrae oor jou swangerskap te beantwoord.
- Die swanger vrou se maat, vriend of familielid moet saam met haar na elke voorgeboortebesoeke gaan. Dit is belangrik dat die moeder iemand het wat sy vertrou om haar te ondersteun tydens die swangerskap, die geboorte en nageboortesorg. Hierdie ondersteuning is baie belangrik vir 'n gesonde swangerskap en 'n gesonde baba.



Skedulering van besoeke

Die agt besoeke moet gedurende die volgende stadiums van die swangerskap gemaak word:

- Eerste besoek: week 14
- Tweede besoek: week 20
- Derde besoek: week 26
- Vierde besoek: week 30
- Vyfde besoek: week 34
- Sesde besoek: week 36
- Sewende besoek: week 38
- Agtste besoek: week 40

Hoekom agt besoeke?

- Gereelde bloeddruk- en urinetoetse
- Meer gereelde monitering van jou baba se ontwikkeling
- Vroeë opsporing en tydige behandeling van enige komplikasies
- MIV-toetsing. As jy MIV-positief is, sal die besoeke jou help om jou antiretrovirale (ARV)-behandeling voort te sit, nie net vir jou eie gesondheid nie, maar ook om te voorkom dat jou baba met MIV besmet word.

MomConnect

MomConnect is 'n mobiele program vir swanger vroue, wat help om moeder- en babasterftes te verminder. MomConnect gee meer as 'n miljoen swanger vroue en nuwe moeders toegang tot belangrike dienste en gesondheidsinligting.

MomConnect het drie doelwitte:

- Registrasie van elke swangerskap by 'n regeringsgesondheidsinstelling.
- Stuur van persoonlike SMS'e na mamas op grond van hul behoeftes. Boodskappe sal swanger vroue herinner aan kliniekafsprake of inligting verskaf wat hulle sal help om beter vir hulself en hul babas te sorg.
- Dit sal die gesondheidsorgstelsel toegankliker maak vir vroue.

1. Verpleegster bevestig swangerskap by kliniek.

2. Verpleegster help gebruiker om op haar foon te registreer deur USSD.

3. Gebruiker antwoord vrae oor haar swangerskap.

4. Gebruiker is geregistreer.


5. Swangerskap is op die Nasionale Databasis geregistreer.

As enige lid van jou familie TB het, maak seker dat jy en die res van jou huishouding vir TB getoets word. Behandeling sal jou en jou baba beskerm.

6. Gebruiker ontvang weeklikse SMS-boodskappe om haar in te lig oor haar swangerskap en baba se gesondheid tot haar kind een jaar oud is.



Hoe werk dit?



Kleinsake kry 'n tegnologieshupstoot

KLEIN EN MEDIUMGROOTTE maatskappye in die Oos-Kaap kan voordeel trek uit nuwe digitale tegnologie danksy 'n vennootskap tussen Vodacom en die provinsiese sakekamer.

Siya Miti

Die Oos-Kaapse Sakekamer (ECCOB) en telekomreus Vodacom, het 'n vennootskap aangegaan om tegnologiesdienste aan klein en medium-grootte ondernemings (KMO's) in die provinsie te lewer.

Vuyani Jarana, Vodacom se ondernemingshoof het tydens die ondertekening van die ooreenkoms in Oos-Londen gesê entrepreneurs wat ondernemings begin, ervaar dikwels probleme omdat hulle alles self moet kan doen, van bemarkingsbestuurder tot IT-spesialis. Die nuwe digitale ondersteuning sal hierdie las verlig.

"Ons uiteindelige doel is om alle IKT- en operasionele vereistes 'n naatlose proses vir klein ondernemings te maak," het Jarana gesê. "Dit sal hulle in staat stel om hul aandag op hul

kernbesigheid te fokus sonder enige onnodige afleiding."

Die Oos-Kaap is die eerste provinsie wat hierdie soort vennootskap met Vodacom sluit. Die inisiatief is deur beide die premier en die LUR vir Ekonomiese Ontwikkeling goedgekeur.

Hupstoot vir sake

Klein ondernemings sal eerste toegang kry om Vodacom se mobiele besigheidshulpmiddels op die proef te stel. Dit sluit in die 'Business Booster', 'n mobiele platform wat handelaars en professionele persone toelaat om betalings aan te teken, te faktureer en te aanvaar terwyl hulle werk.

Die dienste sal uiteindelik regdeur Suid-Afrika beskikbaar gestel word. Jarana het gesê dié hulpmiddel sal die mededingendheid van klein ondernemings, plaaslik sowel

as in die res van Afrika, bevorder.

"Die digitale ekonomie is die enkele belangrikste dryfveer van groei, innovasie en mededingendheid op die vasteland en dit hou groot potensiaal vir Suid-Afrika in," het hy gesê.

"Klein ondernemings moet die digitale ekonomie aangryp; ons vennootskap met die ECCOB is die begin van 'n opwindende digitale reis."

Bevorder groei

Vodacom sal hulpbronne verskaf om die sakekamer en sy lede op te lei en hulle te help om sy KMO-dienste te gebruik.

Andile Nontso, sekretaris-generaal van die ECCOB, het gesê die ooreenkoms sal die hele provinsie bevoordeel. "Dié vennootskap sal 'n groot bydrae lewer tot die bevordering van die groei van klein ondernemings in die Oos-Kaap,



■ Vodacom se ondernemingshoof, Vuyani Jarana, onderteken 'n vennootskapsooreenkoms met Vuyisile Ntlabati, president van die Oos-Kaapse Sakekamer.

(Foto: Vodacom)

wat sodoende ook die plaaslike ekonomie sal bevorder."

Volgens Vodacom is sy KMO-ondersteunende tegnologie 'n vaste hulpmiddel vir al sy netwerkintekenare. Bedryfsmobiliteitstoepassings en "cloud"-oplossings sal MKO's in staat stel om vanaf enige plek en enige tyd te werk.

'n Ander diens wat deur

die sakekamer verskaf word, is 'One Net Business', wat maatskappye se selfone en landlyne integreer en verbind.

Oos-Kaapse besighede kan meer inligting hieroor kry deur Bukeka Soyizwapi by die ECCOB te skakel op 047 531 4979 of 'n e-pos te stuur na: bsoyizwapi84@gmail.com. ■

Delmas se NYDA-kantoor lei tot meer dienste vir die jeug



■ Die NYDA brei sy dienste tans uit na jong Suid-Afrikaners in townships en landelike gebiede.

(Foto: GCIS)

Personeelversaggewer

Die Victor Khanye Plaaslike Munisipaliteit en die Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap (NYDA) het saamgewerk om 'n nuwe takkantoor in Delmas te open. Die kantoor sal toegang tot dienste vir die jeug in Mpumalanga uitbrei.

NYDA-voorsitter, Sifiso John Mtsweni, sê die agentskap moet toeganklik wees vir jeugdige regdeur die land. "Daar is jeugdige in die townships en landelike gebiede; hoekom is die kantore van die NYDA nie in die townships en landelike gebiede nie? Dit is een van die eerste dinge wat ons wil verander."

Jeugdige in Delmas kan by die nuwe kantoor aansoek doen om verder te studeer met behulp van beurse en toelaes van die Solomon

Mahlangu-beursfonds. Raadgewers sal ook opleiding bied in rekenaar-geletterdheid, lewensvaardighede, loopbaanvoorligting en so meer.

Dienste vir entrepreneurs

Vir jong entrepreneurs sal die Delmas-kantoor inligting bied oor sakegeleenthede. Die jeug sal ook kan aansoek doen vir NYDA-subsidie-befondsing om hul ondernemings te begin en te ontwikkel.

Die Delmas-tak is die eerste van vier nuwe kantore wat deur die NYDA tydens sy onlangse begroting aangekondig is. Dit is 'n toevoeging tot die 15 ander NYDA-takke en 200 jeugkantore regoor die land. Dit bied dieselfde dienste aan, maar is ook 'n loodsprojek vir die voorsiening van gratis Wi-Fi-dienste by alle NYDA-kantore. ■